Lêernommer: 20190213-1589
Verwysing: 3/3/2/3
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0006/2019
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Omskakeling van die indiensneming van posvlak 1-opvoeders vanaf tydelike na permanente poste ingevolge artikel 6(b) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998.*

Onderwerp: Omskakeling van die indiensneming van posvlak 1-opvoeders vanaf tydelike na permanente poste ingevolge artikel 6(b) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998

1. Hierdie omsendbrief is hersien en herroep Omsendbrief 0055/2015 in sy geheel.

2. Artikel 6(b) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (WIO), 1998 (Wet 76 van 1998), maak voorsiening vir die omskakeling van die aanstellingstatus van opvoeders van tydelik/kontrak na permanent.

3. 'n Tydelike opvoeder is 'n opvoeder wat tans **vir 'n geslote tydperk in 'n goedgekeurde substantiewe vakante posvlak 1-pos aangestel is**. Hierdie definisie is nie van toepassing op opvoeders wat aangestel is in vakante substantiewe bevorderingsposte in 'n waarnemende hoedanigheid nie, en ook nie plaasvervangers vir permanent aangestelde opvoeders wat afwesig is van diens nie, om welke rede ook al.

4. Opvoeders wat reeds die geleentheid gehad het om 'n omvangryke loopbaan in onderwys te hê, d.w.s. diegene wat afgetree het (in enige kategorie), weens swak gesondheid ontslaan is, 'n skeidingspakket van watter aard ook al geneem het, of opvoeders wat binne 'n twaalfmaande tydperk uit die onderwysprofessie (nasionaal of provinsiaal) bedank het, word uitgesluit van die maatreëls vervat in hierdie omsendbrief.

5. Die omskakeling van 'n tydelike aanstelling na 'n permanente aanstelling, geskied na goeddunke van die Hoof van Onderwys.

6. Dienooreenkomstig Kollektiewe Ooreenkoms Nr. 4 van 2018, het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), ingevolge artikel 6(b) van die WIO, die volgende kriteria vir die omskakeling van die aanstellingstatus van opvoeders van tydelik na permanent ingestel:

6.1 Die permanente aanstelling moet gemaak word vir 'n vakante substantiewe posvlak 1-pos en die pos moet in die goedgekeurde diensstaat van die skool verskyn.

6.2 Die betrokke opvoeder moet, ten tyde van die aansoek vir omskakeling, reeds vir 'n aaneenlopende tydperk van drie maande in 'n tydelike hoedanigheid in diens wees.

6.3 Die opvoeder moet aan die volgende kriteria voldoen om vir die omskakeling van sy/haar tydelike/kontrakstatus na permanent oorweeg te word:

a) professioneel gekwalifiseerd wees vir die onderwysprofessie;
b) gepas gekwalifiseerd wees om die vak en die fase waarin die aanstelling gemaak sal word, te kan onderrig;
c) voldoen aan die inherente vereistes verbonde aan die pos, waarin sy/haar omskakeling gemaak sal word; en
d) by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO) geregistreer wees.

7. Aansoeke vir die omskakeling van tydelike aanstellings na permanente aanstellings sal slegs oorweeg word indien die beheerliggaam, prinsipaal en kringbestuurder dit aanbeveel en bevestiging ontvang word dat geen botallig opvoeders beskikbaar is nie en 'n pas gekwalifiseerde opvoeder nie verkry of gewerf kon word nie.

8. Indien die beheerliggaam nie die omskakeling van die opvoeder se aanstellingstatus van tydelik/kontrak na permanent ondersteun nie, moet die beheerliggaam die opvoeder se aansoek en 'n geskrewe en geldige motivering indien waarom die omskakeling nie ondersteun word nie.

9. Diensdoende plaasvervangers kan ook vir permanente aanstelling oorweeg word, ingevolge die maatreëls uiteengesit in hierdie omsendbrief, indien die pos vakant word terwyl die opvoeder as plaasvervanger in die pos diens doen en die opvoeder aan die vereistes voldoen. Beheerliggame en prinsipale moet seker maak dat die uitsluitings vermeld in paragraaf 4 hierbo, toegepas word.

10. Die WKOD bevestig dat die omskakelingsproses, ingevolge artikel 6(b) van die WIO, soos voorgeskryf, toelaat vir omskakelings regdeur die akademiese jaar.

11. Tydelike/kontrak opvoeders wat graag aansoek wil doen vir die omskakeling van hul tydelike indiensneming na permanente indiensneming, ingevolge artikel 6(b) van die WIO, moet 'n voltooide DPE1-vorm (Aansoekvorm vir aanstelling) en 'n motiveringsbrief, **deur die beheerliggaam**, by die WKOD indien. Aansoeke moet na die volgende adres gestuur word:

Direktoraat: Werwing en Keuring
Wes-Kaap Onderwysdepartement
Privaatsak X9183
Kaapstad
8000

12. Hierdie omsendbrief is van toepassing op alle openbare skole.

13. Prinsipale word versoek om seker te maak dat hierdie omsendbrief onder die aandag van hul beheerliggame en opvoeders gebring word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2019-01-05

PERMANENT APPOINTMENT OF POST LEVEL 1 EDUCATORS AT EDUCATION INSTITUTIONS IN ACCORDANCE WITH SECTION 6A OR 6B OF THE EMPLOYMENT OF EDUCATORS ACT, 76 OF 1998

Approval has been granted by the Head of Education to proceed with the permanent appointment of Post Level 1 Educators in accordance with Section 6A/B of the Employment of Educators Act, 76 of 1998 into vacant/substantive posts at education institutions. The approval for permanent appointment is however not automatic as specific criteria need to be complied with before final approval is granted by the Delegated Authority for such permanent appointment.

Mr/Mrs/Miss ……., Persal Number ……is

currently appointed on contract and fulfils the duties of (Post Description)

……at …… (Name of Education Institution)

I, ……

(Principal) hereby confirm the following:

Educator	
1. Is currently in the employ of the WCED in a vacant/substantive PL1 Educator post	Yes/No
2. Performs the duties of the PL 1 post and meets the minimum appointment requirements	Yes/No
3. Provides satisfactory performance assessment or has performed the duties assigned to him/her satisfactorily during the contract period	Yes/No
4. Is suitably and professionally qualified	Yes/No
Post	
5. The vacant/substantive post is on the staff establishment as per the approved basket of posts in the year of application	Yes/No
6. Does Excess exist at the school	Yes/No

7. Was the Excess List consulted for the Matching and Placing of Excess employees into the post Provide detail on the effort made to match and place and excess educator: …… ……	Yes/No

Please note that the conversion process applies to all New Entrants and serving educators meeting the requirements as stipulated in the relevant circulars (6A and 6B), currently in the employ of the WCED in a vacant/substantive post on the institutions staff establishment.

I, ……(name of Principal), on the basis of the above recommend/do not recommend the permanent appointment of the incumbent in the substantive post of (Post Description) …… on the approved establishment of the …… (name of Institution).

In the event that you do not support the permanent appointment of the PL1 Educator, the school must submit the reason/s in a letter addressed to Director: Recruitment and Selection and attach the completed verification certificate.

SIGNATURE OF PRINCIPAL **DATE: ……..……...**

SIGNATURE OF CHAIRPERSON OF THE SGB **DATE: ……..……...**

SIGNATURE OF DISTRICT DIRECTOR/CM: **DATE: ……..……...**